**Donderdag 18 Mei**
**Skrifgedeelte: Matteus 19:1-12**
**Fokusgedeelte: Matteus 19:3-6**

**Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie!**

’n Tydjie gelede het Oprah Winfrey op een van haar geselsprogramme besoek afgelê by ’n Amish-egpaar en hulle kinders. Daar het sy tot haar verbasing verneem dat haar gasheer en gasvrou die vaste voorneme het om lewenslank aan mekaar getrou te bly!

Dit is duidelik dat baie mense in die 21ste eeu die oortuiging huldig dat ’n mens “sommer oor enige ding” jou huweliksband mag breek. So was dit al in die tyd van Moses die geval. In sy antwoord aan die Fariseërs lê Jesus klem op die feit dat Moses se opdrag tot die gee van ’n skeibrief (Deut. 24:1-4) ’n noodreëling was om weerlose vroue te beskerm. In Moses se tyd ... en in Jesus se tyd op aarde ... en in ons tyd is en was daar talle huwelike wat glad nie meer aan God se oorspronklike doel beantwoord het nie. Dit is ’n aanklag teen die mens wat van nature baie lief is vir die “eie ek”. Toe God die huwelik al voor die sondeval ingestel het, was dit sy bedoeling dat man en vrou altyd aan mekaar getrou moet bly.

As nuwe mens in Christus is jy vrygemaak om God se diepste doel met die huwelik te waardeer en te honoreer. Omdat jy soos Paulus na jou ou natuur saam met Christus gekruisig is (Gal. 2:20), is dit ook wat jou huweliksbeskouing betref nie meer die (ou) jy wat leef nie, maar dit is Christus wat deur sy Gees in jou lewe. Daarom stap jy graag in Christus se voetspore die tweede en derde myl van gehoorsaamheid.

As man het jy jou vrou lief, en as vrou beantwoord jy jou man se liefde met weerliefde. Sodoende is julle deurlopend besig om in julle huwelik te belê, en ervaar julle dat waar ’n mens jou skat belê, daar kom die hart vanself agterna.

*Sing: Psalm 131-1:1, 2, 3*

*Ds. JJ Cloete (Koos) (emeritus)*